ON.2.2.3 VERLENGING VAN STUDIETYDPERK

(i) ‘n Leerder wat nie die studie binne die maksimumtydperk voltooi nie moet voor die einde van die derde jaar van die studie by die skooldirekteur aansoek doen om verlenging van die studietydperk met een akademiese jaar (A.13.5.2.1).

(ii) ’n Aansoek om verlenging van die studietydperk moet in die vorm van ’n voorlegging wees, waarin aangedui word

a) dat die navorsingsonderwerp steeds relevant is;

b) watter vordering daar reeds gemaak is;

c) wat nog gedoen moet word om die studie af te handel; en

d) of die studieleier nog beskikbaar is (A.13.5.2.5).

(iii) Indien die studietydperk verleng word, sal dit toegestaan word teen ’n heffing wat van tyd tot tyd deur die Raad van die universiteit vasgestel word (A.13.5.2.6).

ON.2.2.4 LYS VAN KURRIKULUMS

KWALIFI-KASIE-KODE	KURRIKULUM-KODE	BESKRYWENDE NAAM		KREDIETE
403 120	O801P	Leer en onderrig	LEON 871	240
403 121	O802P	Natuurwetenskaponderwys	NWOW 871	240
403 122	O803P	Onderwysbestuur	ONWB 871	240
403 123	O804P	Onderwysreg	ONWR 871	240
403 124	O805P	Opvoedkundige Sielkunde	OPSK 871	240
403 125	O806P	Vergelykende Opvoedkunde	VGLO 871	240
403 126	O807P	Wiskunde-onderwys	WISO 871	240
403 127	O808P	Leerderondersteuning	OPSL 871	240
403 128	O809P	Skoolvoorligting en –begeleiding	OPSS 871	240
403 129	O810P	Filosofie van die opvoeding	FOPV 871	240
403 130	O811P	Bewegingsonderwys	BWOS 871	240
403 131	O812P	Rekenaarwetenskaponderwys	RWON 871	240
403 132	O813P	Opleiding en Ontwikkeling	OPLN 871	240
403 134	O814P	Verkeersveiligheids-opvoeding en –bestuur	TSEM 871	240

ON.2.2.5 EKSAMINERING

Die eksamen vir die magistergraad bestaan uit ’n verhandeling of (’n) gepubliseerde navorsingartikel(s).

ON.2.2.5.1 Benoeming van eksaminatore

(i) Die benoeming van eksaminatore geskied ooreenkomstig algemene reël A.8.3.

(ii) Leerders moet ten minste drie maande voor indiening van die verhandeling die navorsingsdirekteur skriftelik in kennis stel van die plan om die verhandeling in te dien.

ON.2.2.5.2 Vereistes waaraan die verhandeling moet voldoen

(i) 'n Verhandeling moet bewys lewer dat die leerder met die metode van navorsing vertroud is. (A.13.7.1).

(ii) 'n Verhandeling moet ten opsigte van die tegniese vereistes voldoen aan die vereistes wat die fakulteitsraad daarvoor stel (A.13.7.2 en die Handleiding vir Nagraadse Studie).

(iii) Indien 'n verhandeling in die vorm van ('n) gepubliseerde navorsings-artikel(s) of ('n) ongepubliseerde manuskrip(te) in artikelformaat aangebied word, en meer as een sodanige artikel of manuskrip(te) gebruik word, moet die verhandeling steeds in 'n eenheidsvorm, aangevul met 'n oorkoepelende probleemstelling, 'n toegespitste literatuurontleding en –integrasie en met 'n samevattende slotbespreking aangebied word (A.13.7.3).

ON.2.2.5.3 Indiening van die verhandeling vir eksaminering

(i) 'n Verhandeling mag alleen vir eksaminering ingedien word met toestemming van die studieleier (A.13.9.4).

(ii) 'n Verhandeling wat vir eksaminering ingedien is, kan nie deur die leerder of studieleier(s) aan eksaminering onttrek word nie (A.13.9.6).

ON.2.2.5.4 Slaagvereistes

(i) 'n Verhandeling word geslaag as die leerder 'n punt van ten minste 50% behaal het.

(ii) 'n Verhandeling word met onderskeiding geslaag indien die leerder 'n punt van ten minste 75% behaal het.

(iii) 'n Leerder wat 'n verhandeling sak, mag hoogstens een keer aansoek doen om weer tot die magistergraadstudie aan die universiteit toegelaat te word, in welke geval 'n nuwe studie aangepak moet word (A.13.14.2).

ON.2.2.6 TERMINERING VAN STUDIE

Die studie van 'n leerder kan getermineer word indien 'n leerder die maksimumduur van die studietydperk oorskry.

ON.2.2 REËLS VIR DIE GESTRUKTUREERDE MAGISTERGRAAD*

Die gestruktureerde magistergraad kan verwerf word in een van die kurrikula in reël **ON.2.2.6** en kan slegs deeltyds geneem word.

Die bepalings vir die magistergraad moet saamgelees word met die algemene akademiese reëls van die Universiteit wat beskikbaar is op die Internet by: **http://www.puk.ac.za/jaarboek/reels.html**

ON.2.2.1 AARD EN DOEL VAN DIE KWALIFIKASIE

On.2.2.1.1 Algemene doel

Die doel met die gestruktureerde magistergraad is om toegewyde onderwysspesialiste akademies toe te rus en te vorm tot akademiese deskundigheid en uitmuntendheid om hulle roeping te vervul en in Suid-Afrika se behoefte aan hoëvlak opvoedkundige navorsers en besluitnemers te voorsien.

ON.2.2.1.2 Spesifieke doel

Die spesifieke doel van die kwalifikasie is

(i) die bevordering van opvoedkundige deskundigheid en ontwikkeling van leerders met 'n gevorderde en in diepte kennis en ‘n kritiese ingesteldheid in een van die kurrikula in **ON.2.2.5** om hulle daardeur in staat te stel om op ‘n verantwoordelike en sinvolle wyse by te dra tot die verbetering van die onderwys op plaaslike en nasionale vlak deur leidinggewende dienslewering (middel- en hoëvlak); en

(ii) leerders se ondersoekvermoë en vaardighede so te ontwikkel dat hulle oorspronklike navorsing kan doen wat uitloop in die skryf van ’n komprehensiewe en koherente verslag.

ON.2.2.2 TOELATINGSVEREISTES EN REGISTRASIE

ON.2.2.2.1 Algemene toelatingsvereistes

(i) ’n Leerder wat van voorneme is om vir die gestruktureerde magistergraad in te skryf, moet by die navorsingsdirekteur/skooldirekteur toestemming verkry om die studie te onderneem (A.13.4.2).

(ii) ’n Leerder wat vir die eerste keer vir die gestruktureerde magistergraad registreer moet dit doen voor die datum soos in A.13.2.2 bepaal.

(iii) Herregistrasie vir die verdere studiejare moet elke jaar geskied voor of op die datum soos in A.13.2.2 bepaal.

ON.2.2.2.2 Spesifieke toelatingsvereistes

(i) ’n Honneurs B.Ed in die rigting waarvoor die kandidaat vir die magistergraad wil registreer, plus

(ii) ’n Minimum gemiddelde slaagvereiste van 65% in die honneurs B.Ed.

---

* Tot verdere kennisgewing sal hierdie kwalifikasie nie aangebied word nie.

(iii) Enige ander erkende onderwyskwalifikasie wat 600 krediete uitmaak (waarvan ten minste 72 op vlak 7).

(iv) Voornemende leerders moet verder

a) oor ’n rekenaar beskik,

b) rekenaargeletterd wees, en

c) vaardig wees in die gebruik van die Internet.

ON.2.2.3 ERKENNING VAN VORIGE LEER

Vorige leer soos erken deur die fakulteitsraad.

ON.2.2.4 LYS VAN MODULES

Modulekode	Modulenaam	Krediete
Bewegingsonderwys		
BWOS 811	Oefenkunde	40
BWOS 812	Motoriese leer en ontwikkeling van die leerder	40
BWOS 821	Talentidentifisering en ontwikkeling van skoolsport	40
Leerderondersteuning en lewensoriëntering		
OPSL 811	Gesondheidbevorderende skole	40
OPSL 812	Leerders met spesiale behoeftes	40
OPSL 821	Berading en ontwikkeling	40
Leer en onderrig		40
LEON 811	Leer	40
LEON 812	Onderrig	40
LEON 821	Klaskamerkommunikasie of	40
LEON 822	Kurrikulumontwikkeling	40
Natuurwetenskaponderwys		
NWOW 811	Natuurwetenskap: Van grondbeginsels tot onderwyspraktyk	40
NWOW 821	Onderrig van natuurwetenskap in konteks	40
NWOW 812	Navorsing in natuurwetenskaponderrig	40
Navorsing		40
NAVR 872	Skripsie	120
Onderwysbestuur en Onderwysorganisasies		
ONWB 811	Organisasiekultuur en –klimaat in skole	40

Modulekode	Modulenaam	Krediete
ONWB 812	Organisasieverandering en –ontwikkeling in die onderwys	40
ONWB 821	Menslike hulpbronbestuur en –ontwikkeling in die onderwys	40
Onderwysreg		40
ONWR 811	Fundamentele regte in die onderwys	40
ONWR 812	Buitelandse- en volkereg in die onderwys	40
ONWR 821	Arbeidsreg in die onderwys	40
Opleiding en ontwikkeling		
OPLN 811	Onderwys, opleiding en ontwikkeling – 'n globale perspektief	40
OPLN 812	Opleiding en ontwikkeling vir impak	40
OPLN 821	Strategiese opleiding en ontwikkeling	40
Rekenaarwetenskaponderwys		
RWON 811	Leer in rekenaartoepassings en inligtingstegnologie	40
RWON 812	Rekenaartoepassings en inligtingstegnologie: Onderrigbegronding	40
RWON 821	Rekenaartoepassings en inligtingstegnologie: Onderwysteorie en praktyk	40
Vergelykende opvoedkunde		
VGLO 811	Onderwysstelselbeplanning in die praktyk	40
VGLO 821	Vraagstukke in onderwysstelsels	40
ONWR 812	Buitelandse- en volkereg in die onderwys	40
Verkeersveiligheidsopvoeding en –bestuur		
TSEM 812	Verkeersveiligheidsbestuur	40
TSEM 821	Filosofie van Verkeersveiligheidstegnologie en –bestuur	40
LEON 811	Leer	40
Wiskunde-onderwys		
WISO 811	Wiskunde-onderwys in perspektief	40
WISO 812	Onderrig-leer in wiskunde	40
WISO 821	Wiskunde-onderwys en navorsing	40

ON.2.2.5 PROGRAM / KURRIKULUMS

Aanbieding van 'n kurrikulum is onderhewig aan 'n minimum inskrywing van ten minste 5 leerders.

'n Leerder vir die gestruktureerde magistergraad oefen 'n keuse uit tussen een van die volgende kurrikulums:

ON.2.2.5.1 **403 133 Onderwyspraktyk:**
Kurrikulum: O816P Leerderondersteuning en lewensoriëntering

Semester 1		**Krediete**	**Semester 2**	**Krediete**
OPSL 811		40	OPSL 821	40
OPSL 812		40	NAVR 872	120
	Totale krediete	**80**		**160**
				(240)

ON.2.2.5.2 **403 133 Onderwyspraktyk:**
Kurrikulum: O817P Leer en onderrig

Semester 1		**Krediete**	**Semester 2**	**Krediete**
LEON 811		40	òf LEON 821	40
			òf LEON 822	
LEON 812		40	NAVR 872	120
	Totale krediete	**80**		**160**
				(240)

‘n Leerder moet ‘n keuse maak tussen LEON 821 Klaskamerkommunikasie en LEON 822 Kurrikulumontwikkeling

ON.2.2.5.3 **403 133 Onderwyspraktyk:**
Kurrikulum: O818P Natuurwetenskaponderwys

Semester 1		**Krediete**	**Semester 2**	**Krediete**
NWOW 811		40	NWOW 821	40
NWOW 812		40	NAVR 872	120
	Totale krediete	**80**		**160**
				(240)

ON.2.2.5.4 **403 133 Onderwyspraktyk:**
Kurrikulum: O819P Onderwysbestuur en Onderwysorganisasies

Semester 1	Krediete	Semester 2	Krediete
ONWB 811	40	ONWB 821	40
ONWB 812	40	NAVR 872	120
Totale krediete	**80**		**160**
			(240)

ON.2.2.5.5 **403 133 Onderwyspraktyk:**
Kurrikulum: O820P Onderwysreg

Semester 1	Krediete	Semester 2	Krediete
ONWR 811	40	ONWR 821	40
ONWR 812	40	NAVR 872	120
Totale krediete	**80**		**160**
			(240)

ON.2.2.5.6 **403 133 Onderwyspraktyk:**
Kurrikulum: O821P Onderwyspraktyk: Opleiding en ontwikkeling*

Semester 1	Krediete	Semester 2	Krediete
OPLN 811	40	OPLN 821	40
OPLN 812	40	NAVR 872	120
Totale krediete	**80**		**160**
			(240)

ON.2.2.5.7 **403 133 Onderwyspraktyk:**
Kurrikulum: O822P Vergelykende opvoedkunde

Semester 1	Krediete	Semester 2	Krediete
VGLO 811	40	VGLO 821	40
VGLO 812	40	NAVR 872	120
Totale krediete	**80**		**160**
			(240)

ON.2.2.5.8 **403 133 Onderwyspraktyk:**
Kurrikulum: O823P Wiskunde-onderwys

Semester 1	Krediete	Semester 2	Krediete
WISO 811	40	WISO 821	40
WISO 812	40	NAVR 872	120
Totale krediete	**80**		**160**
			(240)

---

* Hierdie kurrikulum word slegs in Engels aangebied.

ON.2.2.5.9 **403 133 Onderwyspraktyk:**
Kurrikulum: O824 Bewegingsonderwys

Semester 1		**Krediete**	**Semester 2**	**Krediete**
BWOS 811		40	BWOS 821	40
BWOS 812		40	NAVR 872	120
	Totale krediete	**80**		**160**
				(240)

ON.2.2.5.10 **403 133 Onderwyspraktyk:**
Kurrikulum: O825 Rekenaarwetenskaponderwys

Semester 1		**Krediete**	**Semester 2**	**Krediete**
RWON 811		40	RWON 821	40
RWON 812		40	NAVR 872	120
	Totale krediete	**80**		**160**
				(240)

ON.2.2.5.11 **403 133 Onderwyspraktyk:**
Kurrikulum: O826 Verkeersveiligheidsopvoeding en bestuur

Semester 1		**Krediete**	**Semester 2**	**Krediete**
LEON 811		40	TSEM 821	40
TSEM 812		40	NAVR 872	120
	Totale krediete	**80**		**160**
				(240)

ON.2.2.6 DUUR VAN DIE STUDIE

Die studietydperk vir hierdie kwalifikasie is twee (2) jaar deeltyds of die verwerwing van 240` krediete en die maksimumtydsduur vir die voltooiing van die kwalifikasie is drie (3) jaar.

ON.2.2.7 VERLENGING VAN STUDIETYDPERK

(i) 'n Leerder wat nie die studie binne die maksimumtydperk voltooi nie moet voor die einde van die derde jaar van die studie by die skooldirekteur aansoek doen om verlenging van die studietydperk met een akademiese jaar (A.13.5.2.1).

(ii) Indien die studietydperk verleng word, sal dit toegestaan word teen 'n heffing wat van tyd tot tyd deur die Raad van die universiteit vasgestel word (A.13.5.2.6).

ON.2.2.8 EKSAMINERING

ON.2.2.8.1 Toelating tot die eksamen

Toelating tot die eksamen in enige module waarin eksamen geskryf word geskied deur die verwerwing van ‘n deelnamebewys wat uitgereik word indien

(i) die leerder voldoen het aan die besondere vereistes soos uiteengesit in die studiegids vir ‘n betrokke module, en

(ii) ‘n deelnamepunt van ten minste 50% in ‘n module behaal is.

ON.2.2.8.2 Samestelling van die deelnamepunt

Die deelnamepunt vir ‘n module word saamgestel uit toetse, werkopdragte en praktiese werk soos uiteengesit in die betrokke studiegids.

ON.2.2.8.3 Modulepunt

Die modulepunt word volgens die voorskrifte van A.1.39 en A.8.7.4 bereken in die verhouding tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt soos aangegee is by die module-uitkomste (ON.4).

ON.2.2.8.4 Slaagvereistes

(i) Die subminimum vir alle modules waarin eksamen geskryf word, is **50**%.

(ii) Die slaagvereistes vir ‘n module waarin eksamen geskryf is, is ‘n modulepunt van ten minste 50%.

(iii) ’n Kurrikulum word geslaag deur al die modules waaruit die kurrikulum saamgestel is afsonderlik soos aangedui in A.8.5 te slaag.

(iv) Die kwalifikasie word met onderskeiding geslaag indien die leerder ‘n gemiddelde punt van ten minste 75% behaal het.

ON.2.2.9 HERHALING VAN MODULES

(i) ‘n Leerder mag binne die maksimumstudietydperk van drie jaar, eenmalig een module herhaal (A.13.14.3).

(ii) ‘n Leerder wat ‘n module herhaal moet opnuut vir daardie module registreer en ‘n deelnamebewys in daardie module verwerf (A.10.1).

(iii) ‘n Leerder wat ‘n module herhaal en nie tydens die eersvolgende eksamentydperk die betrokke module slaag nie, moet by die universiteit heraansoek doen vir toelating tot ‘n ander kurrikulum as die kurrikulum wat die leerder herhaal en vir ‘n tweede keer gesak het (A.13.4.2).

ON.2.2.10 VEREISTES WAARAAN DIE SKRIPSIE MOET VOLDOEN

‘n Skripsie moet

(i) bewys lewer dat die leerder met ondersoekgerigte probleemoplossing in die betrokke praktykveld vertroud is; en

(ii) ten opsigte van die tegniese vereistes voldoen aan die vereistes soos deur die fakulteitsraad gestel (A.13.7.2 en die *Handleiding vir Nagraadse Studie*).

ON.2.2.11 TERMINERING VAN STUDIE

Die studie van ’n leerder kan ingevolge A.9 getermineer word indien

(i) ’n leerder in gebreke bly om aan die vereistes wat die fakulteitsraad stel te voldoen;

(ii) die maksimumduur van die studietydperk oorskry.

(iii) ‘n Leerder wie se studie getermineer is, kan opnuut aansoek doen om weer toegelaat te word, maar dan tot ‘n ander kurrikulum as die een waarin die studies getermineer is.

ON.2.2.12 ARTIKULERING

Hierdie kwalifikasie verleen toegang tot die Ph.D..

ON.4 REËLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR (PH.D.)

Metodes van aflewering: **Voltyds**
Deeltyds

Die doktorsgraad kan verwerf word in een van die rigtings/programme in reël ON.3.7 en kan voltyds of deeltyds geneem word.

Alle doktorsgraadprogramme val binne die navorsingsfokusarea **Onderrigleerorganisasies** en moet 'n bydrae maak tot die ontwikkeling van die navorsingsfokusarea.

Die bepalings vir die doktorsgraad moet saamgelees word met die algemene akademiese reëls vir die Universiteit wat beskikbaar is op die Internet by: http://www.puk.ac.za/jaarboek/reels.html

ON.4.1 DIE DOEL VAN DIE DOKTORSGRAADPROGRAM

Die doel van die doktorsgraadprogram is om te voorsien in Suid-Afrika se behoeftes aan toegewyde en hoogsgespesialiseerde onderwysnavorsers wat bemagtig is om oorspronklike navorsing te doen, deur òf deur die ontdekking van nuwe kennis òf die beoefening van kritiese vermoë 'n besliste wetenskaplike bydrae te maak tot die kennis en verstaan van een van die ondergenoemde spesialiseringsterreine; en om op 'n verantwoordelike en sinvolle wyse by te dra tot die verbetering van onderwys op plaaslike, nasionale en internasionale vlak.

ON.4.2 TOELATINGSVEREISTES

ON.4.2.1 Algemene toelatingsvereistes

(i) 'n Leerder wat van voorneme is om vir 'n doktorsgraad in te skryf, moet by die toepaslike navorsingsdirekteur/skooldirekteur, toestemming verkry om die studie te onderneem (A.14.1).

(ii) 'n Leerder wat vir die eerste keer vir die doktorsgraad registreer moet dit doen voor die datum soos in A.14.2.2 bepaal.

(iii) Herregistrasie vir die verdere studiejare moet elke jaar gedoen word voor of op die datum soos in A.14.2.2 bepaal.

(iv) Die fakulteitsraad kan 'n leerder wat ooreenkomstig A.14.5.2 tot die doktorsgraad toegelaat is, van hoogstens die helfte van die studietydperk of kredietpunte vrystel op grond van uitkomste wat bereik is of navorsingswerk, of albei, wat die leerder aan die universiteit of 'n ander universiteit of instelling wat deur die senaat erken word, gedoen het voordat die leerder vir 'n doktorsgraad geregistreer het, indien die leerder die fakulteitsraad daarvan oortuig dat die uitkomste wat bereik is of navorsingswerk wat aldus verrig is, van doktorsgraadstandaard is en dat dit op die studieonderwerp betrekking het.

ON.4.2.2 Spesifieke toelatingsvereistes

(i) 'n Magistergraad in die rigting waarvoor die kandidaat vir die PhD wil registreer.

(ii) 'n Slaagvereiste van 65% in die navorsingsmagistergraad.

(iii) ‘n Slaagvereiste van 65% in die gestruktureerde magistergraad.

(iv) Kandidate moet verder

a) oor ’n rekenaar beskik en

b) rekenaargeletterd wees, en

c) vaardig wees in die ontsluiting van Internetbronne en databasisse.

ON.4.3 ERKENNING VAN VORIGE LEER

Vorige leer soos erken deur die fakulteitsraad

ON.4.4 STUDIEPROGRAM

(i) ’n Leerder vir die doktorsgraad moet in oorleg met die skooldirekteur ’n goedgekeurde studieprogram volg binne die navorsingsfokusarea (A.14.4.1).

(ii) ’n Leerder wat tot die doktorsgraad toegelaat is, moet ’n navorsingsvoorstel binne 6 maande na registrasie as leerder in oorleg met die skooldirekteur/navorsingsdirekteur vir goedkeuring aan die dagbestuur van die fakulteitsraad voorlê (A.13.4.8).

(iii) Indien ’n leerder in gebreke bly om die navorsingsvoorstel binne 6 maande vir goedkeuring voor te lê soos bedoel in ON.3.4.2 word die studie getermineer (A.13.4.9).

ON.4.5 DUUR VAN DIE STUDIE

Die minimum duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is twee (2) jaar of na verwerwing van die vereiste krediete en die maksimum tydsduur vir die voltooiing van die doktorsgraad is vier (4) jaar.

ON.4.6 VERLENGING VAN STUDIETYDPERK

(i) ’n Leerder wat nie die studie binne die maksimumtydperk voltooi nie moet voor die einde van die vyfde jaar van die studie by die skooldirekteur aansoek doen om verlenging van die studietydperk met een akademiese jaar.

(ii) ’n Aansoek om verlenging van die studietydperk moet in die vorm van ’n voorlegging wees, waarin aangedui word

a) dat die navorsingsonderwerp steeds relevant is;

b) watter vordering daar reeds gemaak is;

c) wat nog gedoen moet word om die studie af te handel; en

d) of die promotor nog beskikbaar is.

(iii) Indien die studietydperk verleng word, sal dit toegestaan word teen ’n heffing wat van tyd tot tyd deur die raad vasgestel word.

ON.4.7 LYS VAN PROGRAMME

PROGRAM KODE	KURRIKULUM-KODE	BESKRYWENDE NAAM		KREDIETE
404 110	O901P	Leer en Onderrig	LEON 971	384
404 111	O902P	Natuurwetenskaponderwys	NWOW 971	384
404 112	O903P	Onderwysbestuur	ONWB 971	384
404 113	O904P	Onderwysreg	ONWR 971	384
404 114	O905P	Opvoedkundige Sielkunde	OPSK 971	384
404 115	O906P	Vergelykende Opvoedkunde	VGLO 971	384
404 116	O907P	Wiskunde-onderwys	WISO 971	384
404 117	O908P	Leerderondersteuning	OPSL 971	384
404 118	O909P	Skoolvoorligting en –begeleiding	OPSS 971	384
404 119	O910P	Filosofie van die opvoeding	FOPV 971	384
404 120	O911P	Bewegingsonderwys	BWOS 971	384
404 121	O912P	Rekenaarwetenskaponderwys	RWON 971	384
404 122	O913P	Opleiding en Ontwikkeling	OPLN 971	384

ON.4.8 EKSAMINERING

ON.4.8.1 Benoeming van eksaminatore

Vir die eksaminering van ’n proefskrif word vir elke leerder minstens drie eksaminatore, waarvan minstens een ekstern moet wees, deur die skooldirekteur in oorleg met die betrokke navorsingsdirekteur benoem. Vir elke promotor wat ook as eksaminator betrokke is, word ’n addisionele eksaminator benoem (A.8.3).

ON.4.8.2 Eksamen

(i) Die eksamen vir ’n doktorsgraad bestaan minstens uit ’n proefskrif wat die resultate van die leerder se navorsing bevat (A.14.7.1).

(ii) Indiening van ’n proefskrif vir eksaminering, kyk A.13.9

(iii) Die fakulteitsraad kan bykomende vereistes in die vorm van òf ’n skriftelike eksamen en/òf mondelinge eksamen stel vir die verwerwing van ’n doktorsgraad (A.14.7.2).

ON.4.9 VEREISTES VIR DIE PROEFSKRIF

(i) ’n Proefskrif moet ’n besliste wetenskaplike bydrae tot die kennis van en insig in die vak en bewys van oorspronklikheid lewer, hetsy deur die vind van nuwe feite, hetsy deur die beoefening van ’n onafhanklike kritiese vermoë (A.14.8).

(ii) 'n Proefskrif moet ten opsigte van die tegniese vereistes voldoen aan die vereistes wat die fakulteitsraad daarvoor stel (A.13.7.2 en die Handleiding vir Nagraadse Studie).

(iii) Indien 'n proefskrif in die vorm van ('n) gepubliseerde navorsingsartikel(s) of ('n) ongepubliseerde manuskrip(te) in artikelformaat aangebied word, en meer as een sodanige artikel of manuskrip(te) gebruik word, moet die verhandeling steeds in 'n eenheidsvorm, aangevul met 'n oorkoepelende probleemstelling, 'n toegespitste literatuurontleding en –integrasie en met 'n samevattende slotbespreking aangebied word (A.13.7.3).

ON.4.10 TERMINERING VAN STUDIE

Die studie van 'n leerder kan getermineer word indien 'n leerder die maksimumduur van die studietydperk oorskry.

ON.5 MODULE UITKOMSTE

ON.5.1 HONNEURS BACCALAUREUS EDUCATIONIS

FUNDAMENTELE MODULES

LEON 611 LEERPERSPEKTIEWE (8 KREDIETE)

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder ‘n kritiese verstaan van die behavioristiese, inligtingverwerking, en konstruktivisiese beskouinge van leer te demonstreer deur elkeen van hierdie beskouinge vanuit ‘n skrifmatige en fundamentele perspektief te evluaeer; leer vanuit elke beskouing te definieer; die positiewe en negatiewe implikasies van elke beskouing vir effektiewe leer en die veranderlikes wat volgens elke beskouing effektiewe leer beïnvloed te identifiseer en ‘n program te ontwikkel wat leerders in staat sal stel om effektiewer te leer.

LEON 612 ONDERRIGPERSPEKTIEWE (8 KREDIETE)

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder basiese kennis en ‘n kritiese ingesteldheid ten opsigte van die proses-produk- en die ontologies-kontekstuele onderrigbeskouings te demonstreer, begronding, verduideliking en evaluering van genoemde onderrigbeskouings vanuit 'n christelike en ander perspektiewe, asook die implikaseis daarvan vir onderrig-leer in verskillende kontekste te bepaal, te verduidelik en te motiveer asook basiese kennis en vaardigheid ten opsigte van die keuse, toepassing en evaluering direkte en indirekte onderrigbenaderings in spesifieke leerareas en -kontekste.

LEON 613 DIE UGO-KURRIKULUM (8 KREDIETE)

2 uur 1:1

Aan die einde van die module sal die leerder bewys lewer van begrip van: die basiese beginsels van die kurrikulum; hoe kurrikulumbesluite geneem word; die uitkomsgebaseerde onderwysbenadering (UGO); die debat rondom bekwaamhede versus prestasie, en die voorgeskrewe inhoud en vaardighede in die nasionale kurrikulum. Die leerder sal in staat wees om die vooorgeskrewe onderrig- en leerprogramme vir ‘n bepaalde leersituasie (skool/klas) aan te pas en dit te implementeer.

ONWB 611 ONDERWYSORGANISASIES (8 KREDIETE)

2 uur 1:1

Leerders moet basiese kennis bekom en kan toepas in die beginsels wat ‘n onderwysorganisasie ten grondslag lê (die struktuur en funksionering daarvan); hulle moet onderwysorganisasies krities kan analiseer en ‘n verbintenis openbaar met die waardes en praktyke binne die onderwysorganisasie – en spesifiek die eie skool/werkplek. Verder moet leerders sowel kennis en insig in die ekologie (organisasiekultuur en klimaat) van die onderwysorganisasie asook die wyses waarop organisasieontwikkeling plaasvind moet kan demonstreer. Laastens moet die leerder ‘n kritiese analise kan maak wat die effek van die voorafgaande op die onderrigleerhandelinge (die gebeure in die klaskamer) kan hê.

NAVR 611 OPVOEDKUNDIGE NAVORSING (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder ‘n basiese kennis en verstaan van opvoedkundige navorsing te demonstreer deur vaardigheid in die gebruik van inligtingstegnologie (w.o. die Internet) om inligtiing te ontsluit; ’n literatuuroorsig/-studie te skryf; tussen die aard en kenmerke van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes te onderskei; navorsingsprobleme kan identifiseer en op grond van sodanige kennis ’n navorsingsvoorlegging te kan skryf.

NAVR 621 AKSIENAVORSING (8 KREDIETE)

Praktiese opdrag

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in die **professionele fokus** op grond van die kennis van die verskillende aspekte van navorsing en die vaardighede wat met die module **NAVR 611 Opvoedkundige navorsing** ontwikkel het ’n praktiese navorsingsopdrag van beperkte omvang uit te voer en ’n navorsingsverslag in die vorm van ’n tydskrifartikel te skryf.

NAVR 622 NAVORSINGSOPDRAG (12 KREDIETE)

Praktiese opdrag

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in die **akademiese fokus** ‘n diepgaande kennis en verstaan van en vermoë om navorsing in die veld van spesialisering te kan doen te demonstreer deur ‘n sinvolle navorsingsprobleem te identifiseer en te ondersoek deur die beplanning, uitvoer, evaluering en rapportering van ‘n navorsingsprojek in hierdie verband, wat ten minste ‘n literatuurstudie en twee tipes navorsing vereis. Die leerder behoort verder ‘n basiese kennis en verstaan van die navorsingsproses te demonstreer deur navorsingsprobleme te identifiseer wat verskillende navorsingsmetodes vereis, ‘n navorsingsvoorlegging te skryf om ‘n spesifieke navorsingsprobleem op te los; vaardigheid te toon in beskrywende en inferensiële statistiese prosedures soos vereis deur kwalitatiewe, kwantitatiewe, “baseline” en aksienavorsing om die basiese statistiese analises uit te voer wat deur elkeen van hierdie metodes vereis word; navorsingsvaardighede te demonstreer deur ‘n navorsingsprojek van beperkte omvang uit te voer; en ‘n navorsingsverslag in die vorm van ‘n tydskrifartikel te skryf.

NAVR 623 NAVORSINGSPROJEK (16 KREDIETE)

Praktiese opdrag

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder ‘n basiese kennis en verstaan van navorsing in Bewegingskunde te demonstreer deur vaardigheid in die gebruik van literatuurnaslaanwerk, skryf van ‘n literatuurstudie en ‘n beperkte empiriese ondersoek te doen in ‘n spesifieke spesialiseringsveld wat dien as voorbereiding vir verdere studie in die magistergraad.

KERNMODULES

AFRIKAANSE TAALONDERWYS

TOAF 611 TAALONDERWYSPRAKTYK: KURRIKULUM-IMPLEMENTERING EN ASSESSERING (16 KREDIETE)

3 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om die Hersiene Kurrikulumverklarings met ‘n gevorderde vlak van vaardigheid en selfstandigheid kan implementeer; op ‘n praktiese wyse ‘n reeks geïntegreerde en tematies samehangende UGO-leerervarings, waarin daar van ‘n wye verskeidenheid gepaste onderrig- en assesseringstrategieë gebruik gemaak word, aan die hand van gepaste tekskeuse te kan saamstel; groot uitvalle ten opsigte van leerders se lees- en skryfvaardigheid te kan diagnoseer; verskillende fasette van die leerders se lees- en skryfvaardighede aan die hand van ‘n verskeidenheid outentieke leerderpogings op verskillende wyses te kan assesseer; taal- en struktuurfoute in leerdertekste te kan redigeer.

TOAF 621 KREATIWITEIT IN TAALONDERWYS: KYK, LEES EN SKRYF (8 KREDIETE)

2 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om die ontwikkeling van visuele geletterdheid (insluitend die analise, interpretasie en evaluering van films) op so ‘n wyse in die skoolsituasie te kan fasiliteer dat dit tot verruiming van die visuele ervaringswêreld van leerders lei; bewys te kan lewer van diepgaande kennis oor die faktore wat taalkreatiwiteit by opvoeders en leerders beïnvloed, die eienskappe van die begaafde persoon en oor die fases van die kreatiewe proses, en in staat te wees om hierdie kennis te kan toepas in die fasilitering van taalkreatiwiteitsontwikkeling; insig ten opsigte van die waarde van taalkreatiwiteit te kan demonstreer; sy kundigheid ten opsigte van taalkreatiwiteit te kan gebruik om leerders stimulerend in die skep van ‘n verskeidenheid skryfsoorte te begelei; literêre werke op selfstandige wyse te kan ontsluit; van ‘n interaktiwe, lesergerigte benadering tot die lees van literêre tekste gebruik te kan maak om hoëorde- intellektuele en emosionele vaardighede by leerders te ontwikkel en om ‘n liefde vir Afrikaanse literêre tekste te kweek.

TOAF 622 TAALONDERWYSTEGNOLOGIE (8 KREDIETE)

2 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om bewys te kan lewer van die vaardigheid om minstens twee rekenaarprogramme (bv. Microsoft Word en Powerpoint) effektief in die voorbereiding van leerervarings te gebruik; ‘n verskeidenheid onderwystegnologiese hulpmiddele te kan integreer in die beplanning en fasilitering van taal-leerervarings en om die keuse van sodanige hulpmiddele te kan motiveer; aan te toon watter leeruitkomste by die gebruik van spesifieke onderwystegnologiese hulpmiddele baat; gebruik te maak van onderwystegnologiese hulpmiddele om ‘n projek te ontwikkel waarin leerervarings van sy eie keuse deur die gebruikmaking van onderwystegnologiese hulpmiddele geoptimaliseer word; die gebruik van bepaalde onderwystegnologiese hulpmiddele in taalonderwys krities te kan analiseer; die gebruik van verskillende soorte multimedia vir die optimalisering van taal-leerervarings krities te kan beoordeel en bespreek.

TOAF 623 AFRIKAANS AS ADDISIONELE TAAL IN DIE SKOOL (8 KREDIETE)

2 uur 1 : 1

Na afhandeling van hierdie module behoort die leerder bewys te kan lewer van sy kennis van die taal- en kulturele diversiteit van die Suid-Afrikaanse gemeenskap en oor die vaardigheid te beskik om kruiskulturele kommunikasie binne en buite die klaskamer met sensitiwiteit te optimaliseer; te kan onderskei tussen die aanleer van 'n moedertaal en 'n vreemde taal; met die kommunikatiewe metode as grondslag materiaal te kan ontwerp en te kan ontsluit vir gebruik in die onderrig van Afrikaans as addisionele taal; oor die vaardigheid te beskik om Afrikaans as addisionele taal effektief te kan assesseer.

ALGEMENE ONDERRIG EN LEER

LEON 621 STRATEGIESE LEER EN MOTIVERING (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder 'n kritiese verstaan van effektiewe leer te kan demonstreer soos gesien vanuit 'n sosiaal-kognitiewe, konstruktivistiese en selfgereguleerde beskouing van leer om elkeen van hierdie perspektiewe vanuit 'n skrifmatige en fundamentele perspektief te evalueer; kennis (byvoorbeeld van die self as leerder, voorkennis, epistemologiese oortuigings), doelwitte, die leertaak, metakognisie en leerstrategieë as veranderlikes wat leer beïnvloed te ontleed; die verband tussen motivering en leer te ontleed, met besondere beklemtoning van die attribusie- en doelwitteorieë en selfdoeltreffendheid om 'n program te ontwikkel wat leerders se leervermoë en motivering om te leer sal verbeter.

LEON 622 STRATEGIESE ONDERRIG (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder 'n gespesialiseerde en refleksiewe kennis, praktiese vaardigheid, kritiese ingesteldheid en waarde ten opsigte van die kenmerke van doeltreffende onderrig, en kontemporêre behaviouristies- en konstruktivisties-gebaseerde onderrigbenaderings te demonstreer, asook verduideliking, motivering, ondersoek en evaluering van genoemde benaderings; bepaling en kritiese beoordeling van die implikasies hiervan vir onderrig-leer in spesifike leerareas en –kontekste en gespesialiseerde kennis en praktiese vaardigheid ten opsigte van die keuse, gebruik en evaluering van direkte en indirekte onderrigmodelle, wo. probleemgesentreerde onderrig-leer, asook van doeltreffende onderrig-leermedia en -tegnologieë in verskillende kontekste.

LEON 614 KLASKAMERKOMMUNIKASIE (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder 'n grondige kennis en praktiese vaardigheid ten opsigte van 'n klaskamerkommunikasiemodel te demonstreer ten einde die klaskamerkommunikasievaardighede wat effektiewe onderrig en leer bevorder aan die hand daarvan te klassifiseer, asook die klaskamerpraktyk te ontleed en te evalueer, kennis en praktiese vaardigheid ten opsigte van onderrigstyle ten einde style te kan ontleed en te evalueer, asook ten opsigte van kommunikasievrees ten einde dit te meet, te ontleed en maatreëls vir die voorkoming en/of oorkoming daarvan saam te stel, grondige kennis en praktiese vaardigheid ten opsigte van klasklimaat ten einde dit te meet, te ontleed en maatreëls ter verbetering van klasklimaat daar te stel, asook ten opsigte van klasdissipline en –orde ten einde probleemsituasies te ontleed en maatreëls ter oplossing daar te stel.

LEON 623 KURRIKULUMONTWIKKELING (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Aan die einde van die module sal die leerder bewys lewer van begrip van: verskillende benaderings tot kurrikulum- en programontwikkeling; die sosiologiese, filosofiese, sielkundige, historiese, politieke en ekonomiese invloede op onderwys in ontwikkelende gemeenskappe; die invloed van taal- en kultuurverskille op leerprogramme; deelname aan kurrikulering op die makro-, meso- en mikrovlak. Die leerder moet in staat wees om bestaande programme te vertolk en aan te pas en om oorspronklike leerprogramme te ontwikkel.

LEON 624 ASSESSERING VAN LEER (8 KREDIETE)

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder ‘n gespesialiseerde kennis en praktiese vaardigheid ten opsigte van die assessering van onderrig-leersituasies, -prestasie en -media, asook ten opsigte van die keuse, motivering, ondersoek en evaluering van toepaslike assesseringswyses in spesifieke leerareas en –kontekste te demonstreer, asook beplanning, implemetering, ondersoek en evaluering van 'n doeltreffende geïntegreerde assesseringsplan as deel van 'n onderig-leerprogram in spesifieke leerareas en -kontekste.

BEWEGINGSONDERWYS

BWOS 611 OEFENKUNDE (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder gespesialiseerde kennis te demonstreer ten opsigte van die beginsels en teorieë in fisiologie, kinesiologie, voeding en meting ten einde dit toe te pas in die seleksie van toetse vir fisieke fiksheidsbepaling, individuele oefenprogramme, voorskrifte oor die breë opvoedingspektrum, die voorkoming van kroniese degeneratiewe siektes wat as gevolg van 'n hoofsaaklik onaktiewe lewenstyl al hoe meer onder jong kinders voorkom.

BWOS 621 TALENTIDENTIFISERING EN ONTWIKKELING BY SKOOLSPORT (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder 'n gespesialiseerde kennis en praktiese vaardigheid te demonstreer ten opsigte van die verskillende teorieë waarop talentidentifisering gebaseer word, modelle om die motories begaafde leerling te selekteer, fisiek-motoriese- en antropometriese veranderlikes wat bepalend is vir talentidentifisering, voorspellingsfunksies om talent uit die massa te selekteer en metingsresultate gebaseer op normskale toe te pas.

BWOS 622 MOTORIESE LEER EN ONTWIKKELING (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerders in staat te wees om groot-motoriese afwykings en/of probleme by leerders in die Grondslag- en Intermediêre fase deur middel van gepaste siftingstoetse asook meer in-diepte toetsbatterye te identifiseer, en 'n aangepaste, spesifieke Bewegingsprogram op te stel en toe te pas ten einde spesifieke groot-motoriese probleme by leerders te remedieer, met die oog op die verbetering en ontwikkeling van fisieke lewensvaardighede wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling van die totale kind.

BWOS 623 ONDERWYSREG EN BEWEGINGSONDERWYS (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Na aanleiding van hierdie module behoort die leerder gespesialiseerde kennis en praktiese vaardigheid te demonstreer in die toepassing van relevante aspekte van Onderwys- en Arbeidsreg op Bewegingsontwikkeling in skoolverband, waaronder deliktuele aanspreeklikheid; nalatigheid; en veiligheid tydens sport en rekreasie-aktiwiteite.

LEWENSWETENSKAPPE-ONDERWYS

BION 611 INTERDISSIPLINÊRE PERSPEKTIEWE OP KERNASPEKTE IN BIO-ETIEK

3 uur 1 :1

Na voltooiing van hierdie module behoort leerders oor grondige kennis van, reflektiewe vaardighede oor, en ‘n krities-evaluerende ingesteldheid teenoor sentrale bio-etiese vraagstukke in die Lewenswetenskappe te demonstreer. Leerders moet ook die interdissiplinêre hantering daarvan krities vanuit ‘n lewensbeskoulike perspektief kan begrond en evalueer.

BION 621 LEWENSWETENSKAPPE-ONDERWYS: TEORIE EN PRAKTYK

3 uur 1 :1

Na voltooiing van hierdie module behoort leerders didaktiese vaardighede te demonstreer in die ontwikkeling en evaluering van studiemateriaal, leerprogramme en individuele lesse in die Lewenswetenskappe op grond van uitkomste wat gestel is. Dit sluit in die implementering van die bestaande kurrikulum en die voortdurende teoretiese en praktiese vernuwing vir doeltreffende onderrig in die Lewenswetenskappe, waaronder onderrigleergeleenthede, onderrigmedia en tegnologie, realistiese probleemoplossing en assesering.

ENGLISH LANGUAGE TEACHING

LTEN 611 LANGUAGE TEACHING PRACTICE: CURRICULUM DEVELOPMENT AND ASSESSMENT (16 CREDITS)

3 uur 1 :1

At the end of this module students should be able to evaluate current subject-specific teaching materials in use in South Africa and overseas; approach language teaching in a holistic manner; write and develop classroom materials in English; conduct needs analyses; develop and implement an integrated language arts curriculum; interpret evaluate and implement various teaching strtegies that enable learners to develop language for communication and learning purposes in the skill areas of reading, writing, speaking, and listening; study and evaluate various methods of assessment in English; design and apply assessment rubrics; investigate strategies for continuous assessment; apply strategies for self-assessment and evaluation.

LTEN 621 CREATIVE LITERATURE TEACHING (8 CREDITS)

2 uur 1 :1

At the end of this module students should be able to evaluate the suitability of literary texts for a specific grade; demonstrate knowledge and insight regarding the creative application of literature teaching strategies; design creative activities and assignments to activate literature texts in the teaching-learning situation; synthesise academic literature knowledge with creative teaching application; integrate visual literacy in the literature classroom.

LTEN 622 LANGUAGE TEACHING TECHNOLOGY (8 CREDITS)

2 uur 1 :1

At the end of this module students should be able to indicate skill with at least two computer software applications (e.g., Microsoft Word and Power Point) by preparing lessons using these skills; plan and integrate a variety of education technologies into language learning experiences; motivate the choice of educational technologies; indicate which learning outcomes will be enhanced by the inclusion of educational technologies; plan, design and develop a project in which you integrate educational technologies into a language learning experience of your choice; critically analyse the use of educational technologies in language teaching and learning; discuss the use and design of multimedia for enhancing the language learning experience.

LTEN 623 SOUTH TEACHING ENGLISH AS AN ADDITIONAL LANGUAGE IN THE AFRICAN CONTEXT (8 CREDITS)

2 uur 1 :1

At the end of this module students should be able to investigate the linguistic demands made on South African school children by English across the curriculum teaching; evaluate linguistic differences in the language of various content area classes; evaluate and develop teaching methods to use in the English class and English language through content classes; demonstrate how English language teaching might be integrated with content teaching; identify methods for assisting content teacher colleagues.

NATUURWETENSKAP ONDERWYS

NWOW 621 DIE LEER VAN NATUURWETENSKAP (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Na bestudering van die module moet die leerder die volgende kan demonstreer: 'n grondige kennis en verstaan van die beginsels onderliggend aan die leer van natuurwetenskap, die vermoë om die beginsels van die leerproses wat geld vir die natuurwetenskappe toe te pas op bestaande en nuwe inhoude in fisika en chemie, die vermoë om kognitiewe prosesse met betrekking tot spesifieke inhoude in fisika/chemie, byvoorbeeld chemiese reaksies of prosesse in elektriese stroombane, te analiseer.

NWOW 622 NATUURWETENSKAPONDERRIG (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Na bestudering van die module moet die leerder die volgende kan demonstreer: 'n grondige kennis en verstaan van die beginsels van natuurwetenskaponderrig, die vermoë om die beginsels van die onderrigproses, soos geldig vir natuurwetenskap, toe te pas, die vermoë om onderrigprogramme wat eweknie-, individuele-, en groepleer insluit, te ontwerp en die vermoë om uitkomsbaseerde onderrigprogramme te ontwerp.

NWOW 623 VERNUWING IN NATUURWETENSKAPONDERWYS (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Na bestudering van die module moet die leerder in staat wees om self, 'n nuwe afdeling van fisika/chemie te bestudeer, 'n module om die afdeling te onderrig, te ontwikkel en 'n assesseringsinstrument saam te stel om die uitkomste van die afdeling te assesseer.

REKENAARWETENSKAPONDERWYS

RWON 611 LEER IN REKENAARTOEPASSINGS EN INLIGTINGSTEGNOLOGIE (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder oor ‘n grondige kennis en vaardigheid te beskik ten opsigte van die beginsels onderliggend aan leer in rekenaartoepassings en inligtingstegnologievaardighede, waaronder programmering. Die leerder moet die beginsels en determinante wat nodig is vir betekenisvolle leer kan verduidelik en toepas. Die leerder behoort ‘n grondige kennis en praktiese vaardigheid te demonstreer ten opsigte van toepassing van doeltreffende leerstrategieë, die aard van take en groepwerk en die kognitiewe prosesse met betrekking tot spesifieke inhoude in Inligtingstegnologie.

RWON 621 REKENAARTOEPASSINGS EN INLIGTINGSTEGNOLOGIE: ONDERRIGBEGRONDING (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder oor ‘n grondige kennis en vaardigheid te beskik ten opsigte van doeltreffende onderrigstrategieë in die onderrig van rekenaartoepassings sowel as die onderrig van inligtingstegnologie waaronder programmeringsvaardighede. Die leerder behoort ook te beskik oor gespesialiseerde kennis en praktiese vaardigheid ten opsigte van begronding, beplanning, motivering en implementering van doeltreffende onderrig-leeraangeleenthede binne ‘n UGO omgewing.

RWON 622 REKENAARTOEPASSINGS EN INLIGTINGSTEGNOLOGIE: ONDERWYSTEORIE EN PRAKTYK (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder oor ‘n grondige kennis en vaardigheid te beskik ten einde studiemateriaal, leerprogramme en individuele lesse te ontwikkel en te evalueer op grond van uitkomste wat gestel is. Die leerder moet kennis en vaardigheid hê in die implementering van die bestaande kurrikulum en voortdurende vernuwing ten opsigte van rekenaartoepassings, programmeringstale en apparatuur. Verder moet die leerder ‘n grondige kennis en vaardigheid demonstreer ten opsigte van doeltreffende assessering van rekenaartoepassings en inligtingstegnologie. Die gebruik van die internet en ander tegnologiese hulpmiddels moet vanuit ‘n Christelike perspektief begrond en geëvalueer word.

GEOGRAFIE-ONDERWYS

GEOH 611 AARD VAN GEOGRAFIE-ONDERRIG – INTERNASIONALE EN PLAASLIKE NEIGINGS (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder oor ‘n grondige kennis en vaardigheid te beskik ten opsigte van die aard en omvang van die onderrig van Geografie. Die student sal kan onderskei wat die verskillende onderrigvaardighede in Geografie is. Verder sal die student verstaan wat die uitdagings is wat aan ‘n Geografie-opvoeder gestel word asook wat die nuutste wêreldtendense is waaraan Geografie-onderwys moet voldoen.

GEOH 621 ONDERRIGLEER IN GEOGRAFIE ONDERWYS (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder oor ‘n grondige kennis en vaardigheid te beskik ten opsigte van doeltreffende onderrigstrategieë en –metodes in die onderrig van Geografie. Die student behoort ook te beskik oor gespesialiseerde kennis en praktiese vaardigheid ten opsigte van begronding, beplanning, motivering en implementering van doeltreffende onderrig-leeraangeleenthede binne ‘n UGO omgewing.

GEOH 622 DIE GEBRUIK VAN IKT (INLIGTING EN KOMMUNIKASIE-TEGNOLOGIE) IN GEOGRAFIE-ONDERWYS (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder oor ‘n grondige kennis en vaardigheid te beskik oor hoe om IKT tot sy volle potensiaal in Geografie-onderwys te gebruik ten einde doelwitbereiking te verbeter. Die leerder behoort ook te beskik oor gespesialiseerde kennis en praktiese vaardigheid ten op sigte van gepaste IKT en dit ook kan demonstreer. Die gebruik van die internet en ander tegnologiese hulpmiddels moet vanuit ‘n Christelike perspektief begrond en geëvalueer word.

WISKUNDE-ONDERWYS

WISO 611 WISKUNDE-ONDERWYS IN PERSPEKTIEF (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder begronde kennis en kritiese ingesteldheid ten opsigte van wiskunde-onderwys as veld van wetenskaplike ondersoek, te demonstreer, asook van die historiese ontwikkeling van wiskunde, wiskunde-onderwys en sy kurrikulum as menslike handelinge, vanuit 'n christelike en ander perspektiewe, gespesialiseerde kennis ten opsigte van kontemporêre internasionale perspektiewe op en benaderings tot wiskunde-onderwys, asook van omstandighede wat doeltreffende onderrig en leer van wiskunde bevorder, wo. uitkomsgebaseerde onderwys.

WISO 621 WISKUNDE-ONDERWYS: TEORIE EN PRAKTYK (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder grondige en refleksiewe kennis en kritiese ingesteldheid ten opsigte van teoretiese en praktiese aspekte rakende die kenmerke van doeltreffende wiskunde-onderrig, asook wiskunde-onderrig-leerproblematiek te demonstreer, asook gespesialiseerde kennis en praktiese vaardigheid ten opsigte van die begronding, beplanning, motivering, implementering, ondersoek en evaluering van doeltreffende wiskunde-onderrig-leergeleenthede, -media en -tegnologieë in verskillende kontekste, wo. probleemoplossing en direkte en indirekte onderrigmodelle.

WISO 622 DIE WISKUNDE-LEERAREAKURRIKULUM (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder gespesialiseerder en refleksiewe kennis, praktiese vaardigheid en kritiese ingesteldheid ten opsigte van die ondersoek, implementering en evaluering van relevante en dinamiese kurrikulering in wiskunde-onderwys te demonstreer, asook grondige kennis en praktiese vaardigheid ten opsigte van die keuse, motivering, gebruik en evaluering van toepaslike kurrikulum- en onderrigbenaderings, -modelle, -materiale, -hulpbronne en -tegnologieë om die leer en onderrig van wiskunde in spesifieke kontekste te inisieer, te bevorder en te evalueer, wo. realistiese probleemoplossing en geïntegreerde assessering.

VERKEERSVEILIGHEIDOPVOEDING

VVON 621 DIE MENS AS PADGEBRUIKER (16 KREDIETE)

3uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder refleksiewe kennis te demonstreer van verskillende kategorieë van padgebruikers wat insluit kenmerke en beperkinge van elke groep padgebruikers; menslike faktore wat veilige deelname beïnvloed; faktore wat bydra tot verkeersbotsings en die trauma wat verkeerslagoffers ervaar.

VVON 622 VERKEERSOPVOEDING IN FORMELE ONDERWYS (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder refleksiewe kennis te demonstreer van die aard en omvang van verkeersveiligheid en verkeersveiligheidsopvoeding, integreringsbeginsels soos van toepassing in VVO in leerprogramme en die implemetering daarvan in die Nasionale Kurrikulum, die noodsaaklikheid van doeltreffende en doelmatige kurrikulering in VVO en riglyne vir die ontwerp van geïntegreerde verkeersveiligheidsopvoedingsprogramme in die leerarea Lewensoriëntering.

ONDERWYSBESTUUR, -REG EN –STELSELS

ONWB 621 ONDERWYSBESTUURSTAKE (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Leerders moet ‘n in diepte kennis en insig van Onderwysbestuur as wetenskapsveld openbaar en hoe dit die basis vorm vir ‘n effektiewe bestuurspraktyk in die skool; die geïdentifiseerde onderwysbestuursbeginsels moet ook toegepas kan word ten einde ‘n effektiewe onderwysbestuurspraktyk te verseker. Laastens moet leerders die onderwysberstuursbeginsels kan gebruik en kan toepas ten einde ‘n eie en effektiewe bestuurstyl te ontwikkel en te kan toepas.

ONWB 622 FINANSIËLE BESTUUR (8 KREDIETE)

2 uur 1:1

Leerders moet in staat wees om die areas in Onderwysbestuur wat met finansies te doen het, toe te pas en uit te brei ten einde die praktykimplikasies te kan ontleed. Leerders moet die teorie oor die begroting en finansiering van skole op 'n praktiese wyse kan toepas. Leerders sal die implikasie van geselekteerde beleidsdokumente en wette vir die finansiering van skole begryp.

ONWB 623 MENSLIKE HULPBRONBESTUUR: ARBEIDSREG (8 KREDIETE)

2 uur 1:1

Die leerder sal in staat wees om die rol van die Suid-Afrikaanse Raad vir Onderwysers, die bepalings van kontrakte sowel as individuele en kollektiewe arbeidsverhoudinge in die onderwys krities te beskryf, analiseer en toe te pas om sodoende toepaslike vaardighede te bekom om billik, regmatig en prosedureel korrek teenoor die betrokkenes in die praktyk op te tree.

ONWR 621 INLEIDING TOT DIE ONDERWYSREG (8 KREDIETE)

2 uur 1:1

Leerders moet in staat wees om die rolle die regte, pligte, aanspreeklikheid en toerekeningsvatbaarheid van die onderskeie rolspelers in die onderwys te analiseer, te interpreteer en toe te pas ten einde ‘n juridies geordende en effektiewe omgewing vir die onderwys daar te stel.

ONWR 622 UITLEG VAN WETTE (8 KREDIETE)

2 uur 1:1

Leerders moet in staat wees om wetgewing as determinante vir ‘n juridies geordende en effektiewe onderwysbestel te kan analiseer en te kan interpreteer.

ONWR 623 MENSEREGTE IN DIE ONDERWYS (8 KREDIETE)

2 uur 1:1

Leerders moet in staat wees om die Suid-Afrikaanse Grondwet m.b.t. die toepassing van menseregte in die onderwys te kan analiseer, te kan interpreteer en te kan toepas.

VGLO 612 ONDERWYSSTELSELS (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Nadat leerders hierdie module voltooi het, behoort hulle in staat te wees om: spesifieke eienskappe van onderwysstelsels en sosiale strukture wat belang het by die onderwys te beskryf, vergelyk en verduidelik binne die konteks van interne en eksterne determinante met die doel om die struktuur van nasionale en internasionale onderwysstelsels te verstaan; om die individualitiet en universaliteit van onderwysstelsels te analiseer, die behoeftes van die teikengroep aan te spreek en die belangrikheid om ‘n harmonieuse skoolomgewing te skep, te begryp en kennis, vaardighede en gesindhede toe te pas rakende die struktuur en organisasie van nasionale en internasionale onderwysstelsels met die doel om die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te evalueer.

VGLO 621 VERBESONDERING VAN ONDERWYSSTELSELS (8 KREDIETE)

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om: die geskiedenis van Vegelykende Opvoedkunde, die aard en metodes van Vergelykende Opvoedkunde, die aard van lewenslange leer, en die aard van tuisonderrig te verstaan; die metode van Vergelykende Opvoedkunde toe te pas; in staat te wees om lewenslange leer, soos vergestalt in die Suid Afrikaanse onderwysstelsel, te vergelyk met gekose buitelandse onderwysstelsels en in staat wees om tuisonderrig, soos vergestalt in die Suid Afrikaanse onderwysstelsel te verduidelik en te vergelyk met gekose buitelandse stelsels.

OPVOEDKUNDIGE OPLEIDING EN ONTWIKKELING

OPLN 611 OPLEIDING- EN ONTWIKKELINGSPERSPEKTIEWE (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Leerders sal in staat wees om die invloede wat onderwys, opleiding en ontwikkeling het op die beroepsgerigte mark en ontwikklingsektore te identifiseer, te vergelyk en krities te analiseer; die verskillende bande en sisteme in onderwys en opleiding te vergelyk, te evalueer en die waarde daarvan te bepaal; beplanning, organisering, leidinggewing en beheer binne ‘n mikro of makro volwassene onderwys-, -opleiding en/of –ontwikkelingsomgewing uit te oefen wat bevorderlik is vir leer.

OPLN 621 DIE LEERORGANISASIE (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Leerders sal in staat wees om verskillende modelle en analisetegnieke te evalueer en te implementeer wat die fundamentele beginsels van MHO konstitueer, aktiewe strategieë te ontwikkel wat sal verseker dat investering in opleiding wel rendemente lewer.

OPLN 622 NAVORSINGSBESTUUR IN ONDERWYS, OPLEIDING EN ONTWIKKELING (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Leerders sal in staat wees om toepaslike navorsingsaksies te genereer, eksploreer en te oorweeg binne MHO (binne die betrokke konteks, tema, leerdergroep, vlak van leer en beskikbaarheid van hulpbronne), navorsingsresultate te integreer met MHO-praktyke, waardebepaling te doen tov verskillende benaderings tot navorsing in MHO, die beplanning en seleksie van befondsing vir navorsing te kan koördineer en die toepaslike basis vir MHO-gerigte navorsing te selekteer en toe te pas.

OPLN 624 ENTREPRENEURSKAP IN ONDERWYS, OPLEIDING EN ONTWIKKELING (8 KREDIETE)

2 uur 1:1

Leerders sal in staat wees om entrepreneuriese prosesse saam te stel en uit te voer wat kreatiewe visie, risiko gebaseerde besigheidsingesteldheid en effektiewe kommunikasiebeginsels omsluit; innoverende strategieë te selekteer en te implementeer wat ‘n verhoging in finansiële aanspreeklikheid te weeg bring vir werk wat onderneem is as werknemer in ‘n organisasie of as onafhankilke konsultant.

OPLN 625 MENSLIKE HULPBRONONTWIKKELING IN 'N VERANDERENDE WÊRELD (8 KREDIETE)

2 uur 1:1

Leerders sal in staat wees om ‘n analise te kan doen van die sosiale en ekonomiese konteks van ‘n Eerste- versus Derde wêreld; die uitdagings vir MHO te identifiseer en te ondersteun binne die betrokke omgewings; pogings te selekteer, te organiseer en te groepeer wat die spesiale behoeftes van gemarginaliseerde gemeenskappe sal aanspreek.

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE EN LEERDERONDERSTEUNING

OPSK 611 TEORIE EN PRAKTYK VAN BERADING (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Leerders sal in staat wees om sommige van die mees prominente benaderings en modelle tot berading te ken en gebruik en terselfdertyd bewus wees van die etiek van berading.

OPSK 612 LEERDERS MET SPESIALE BEHOEFTES A (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Leerders sal in staat wees om leerders met spesiale behoeftes te verstaan in die algemeen in hulle sosiale konteks deur gebruik te maak van 'n eko-sistemiese perspektief. Leerders sal ook in staat wees om leerders met spesiale behoeftes - spesifiek individuele leerprobleme, te identifiseer en aan hulle hulp te verleen.

OPSK 613 GESONDHEIDSBEVORDERING EN ORGANISASIEONTWIKKELING (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Leerders sal in staat wees om die proses te bestuur vir die bevordering, vestiging en instandhouding van Gesondheidsbevorderende Skole met inbegrip van die gebruik van Heelskoolontwikkeling om hierdie doel te bereik.

OPSK 621 PSIGOPATOLOGIE EN WELSTAND (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Leerders sal in staat wees om die algemene vorme van psigopatologie by kinders, adolossente en volwassenes te identifiseer.

OPSK 622 PSIGOMETRIE EN ASSESSERING (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Leerders sal in staat wees om relevante psigometriese instrumente vir kinders, adolossente en volwassenes af te neem, te verwerk en te interpreteer en te hou by die tersaaklike psigometriese beginsels. Leerders behoort ook in staat te wees om verslae te skryf waarin psigometriese evaluerings gedokumenteer word en relevante aanbevelings gemaak word.

OPSK 623 TOEGEPASTE BERADING (16 KREDIETE)

3 uur 1:1

Leerders sal in staat wees om die konsepte van, en verskillende benaderings tot groeps- en gesinsberading te ken en groeps- en gesinsberading te kan uitvoer.

OPSK 624 SKOOLVOORLIGTING (8 KREDIETE)

2 uur 1:1

Leerders sal in staat wees om skoolvoorligting te kan bedryf met die fokus op persoonlike en sosiale, akademiese en opvoedkundige, en beroepsvoorligting.

OPSK 625 LEERDERS MET SPESIALE BEHOEFTES B (8 KREDIETE)

2 uur 1:1

Leerders sal in staat wees om leerders met spesiale behoeftes - spesifiek individuele gestremdhede soos fisieke en sensoriese gestremdhede, epilepsie, chroniese siektes, ensovoorts, te identifiseer en aan hulle hulp te verleen.

ON.5.2 GESTRUKTUREERDE MEESTERSGRAAD

BWOS 811 OEFENKUNDE

3 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module behoort leerders in staat te wees om gevorderde bevoegdheid in die toepassing van verworwe kennis, vaardighede en waardes te demonstreer ten einde doeltreffende leer en organisasie in die Bewegingsonderwyspraktyk te bevorder en om wetenskaplik-gefundeerde oefenprogramontwikkeling; assessering en rehabilitasie te kan doen.

BWOS 812 MOTORIESE LEER EN ONTWIKKELING VAN DIE LEERLING

3 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module behoort leerders ‘n gespesialiseerde kennis ten opsigte van motoriese ontwikkeling van die leerder asook ‘n gevorderde praktiese vaardigheid in die ontwikkeling van motoriese ontwikkelingsprogramme ter verbetering van spesifieke motoriese probleme te demonstreer.

BWOS 821 TALENTIDENTIFISERING EN ONTWIKKELING BY SKOOLSPORT

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder 'n gespesialiseerde kennis te demonstreer ten opsigte van die jongste literatuur rakende die onderwerp, praktiese toepassing van modelle waarvolgens talent geïdentifiseer kan word, die interpreteer van datakaarte van elite sportpresteerders, saamstel van ontwikkelingsprogramme vir elite deelnemers en bekend wees met navorsingsmoontlikhede op hierdie terrein.

LEON 811 LEER

3 uur skriftelik of ‘n biblioteekopdrag van 8 uur 1 : 1

Leerders sal in staat wees om terugkaatsende en nadenkende bevoegdheid ten opsigte van die aard van leer vanuit die perspektief van verskillende leerparadigmas te demonstreer; die verskillende leerparadigmas krities te evalueer; in-diepte kennis en kritiese begrip van verskillende veranderlikes wat leer beïnvloed te demonstreer; die kenmerke van effektiewe leerders binne die tradisionele en afstandsonderwyssituasies krities vanuit verskillende perspektiewe op leer te demonstreer; en programme wat ontwikkel is om leervermoë te verbeter, krities te ontleed

LEON 812 ONDERRIG

3 uur 1 : 1

Leerders sal in staat wees om: terugkaatsende en nadenkende bevoegdheid ten opsigte van die aard van onderrig vanuit die perspektief van verskillende onderrigparadigmas te demonstreer; in-diepte kennis en kritiese begrip van verskillende onderigmodelle te demonstreer; die kenmerke van doeltreffende onderriggewers in konvensionele en afstandonderwysverband vanuit verskillende onderrigperspektiewe krities te ontleed; leerprogramme wat ontwerp is om betekenisvolle leer moontlik te maak, te ontwikkel en uit te bou, krities te ontleed; verworwe kennis, vaardighede en waardes doeltreffend toe te pas ten einde kriteria en programme vir doeltreffende onderrig te ontwikkel; bestaande en nuwe onderrigparadigmas en -benaderings te evalueer ten einde doeltreffende onderrig te bevorder, te beplan, uit te voer en te assesseer, en toepaslike navorsingsprojekte wat op die ondersoek van relevante en wesenlike probleme op die terrein van doeltreffende onderrig krities te ontleed.

LEON 821 KLASKAMERKOMMUNIKASIE

3 uur 1 : 1

Leerders sal in staat wees om terugkaatsende en nadenkende bevoegdheid ten opsigte van die aard van klaskamerkommunikasie vanuit die perspektief van verskillende toepaslike paradigmas te demonstreer; die verskillende paradigmas krities te evalueer; in-diepte kennis en kritiese begrip van verskillende veranderlikes wat klaskamerkommunikasie beïnvloed te demonstreer; die kenmerke van effektiewe klaskamers en klaskamerkommunikasie, en die verband daarvan met onderrig en leer, binne die konvensionele en afstandsonderwyssituasies krities vanuit verskillende perspektiewe op onderrig en leer te demonstreer; en programme wat ontwikkel is om klaskamerkommunikasie te verbeter, krities te ontleed.

LEON 822 KURRIKULUMONTWIKKELING

3 uur 1 : 1

Leerders sal begrip toon vir kurrikuleringsbeginsels: hoe kurrikuleringsbesluite geneem word; wie daarby betrokke is, op watter basis hierdie besluite geneem word en wie se belange daardeur gedien word; tot so ‘n mate begrip toon vir die faktore wat kurrikuleringsontwerp kan beïnvloed dat dit hulle in staat sal stel om op ‘n sinvolle wyse by kurrikulum-ontwikkeling betrokke te raak; in staat te wees om die verskillende aannames tot kennis, vaardighede en waardes wat tot verskillende kurrikulumbenaderings lei, te identifiseer, te klassifiseer en te interpreteer met spesiale verwysing na die uitkomsgebaseerde Kurrikulum 2005-projek; sosiologiese, filosofiese, historiese, politieke en ekonomiese invloede, teorieë, konsepte en metodes bestudeer met die doel om verbandhoudende insigte wat daaruit spruit in die algemene onderwys en meer spesifiek binne die kurrikuleringfunksie toe te pas; en leerders sal tot so ‘n mate begrip toon vir verskillende kurrikuleringsteorieë, -konsepte en –metodes dat hulle dit binne hulle eie onderrigspraktyk kan toepas.

NWOW 811 NATUURWETENSKAP: VAN GRONDBEGINSELS TOT ONDERWYSPRAKTYK

3 uur 1 : 1

Leerders sal in staat wees om aspekte van die aard en wese van natuurwetenskaplike vakke aan die hand van die geskiedkundige ontwikkeling van temas in die vakke te bespreek; en om wetenskaplike werkswyses om nuwe kennis te ontgin, te verstaan.

NWOW 821 ONDERRIG VAN NATUURWETENSKAP IN KONTEKS

PK 3 uur 1 : 1

Leerders sal in staat wees om moderne onderrigstrategieë in natuurwetenskappe aan die hand van geselekteerde temas te gebruik, geskikte gereedskap en tegnieke kan toepas en die samehang in kurrikula van die vakke te kan bespreek.

NWOW 812 NAVORSING IN NATUURWETENSKAPONDERRIG

3 uur 1 : 1

Leerders sal in staat wees om 'n oorsig te gee van huidige navorsing in natuurwetenskap-onderrig; en die toepaslike navorsingstegnieke te verstaan en te kan toepas op eksemplare in natuurwetenskaplike vakke.

NAVR 872 SKRIPSIE

3 uur 1 : 1

Leerders sal hul kennis van die opvoedkundige navorsingsmetodologie en vaardighede in opvoedkunde navorsing demonstreer deur 'n in-diepte kennis van die teorie en beginsels wat hul spesialiseringsterrein ten grondslag lê; deur navorsingsprobleme te identifiseer; hierdie probleme binne die konteks van die onderwyspraktyk te plaas; data in te samel, te ontleed, organiseer en krities te ontleed met die oog op die skryf van 'n skripsie van beperkte omvang.

ONWB 811 ORGANISASIEKULTUUR EN -KLIMAAT IN SKOLE

3 uur 1 : 1

Leerders sal in staat wees om die algemene kenmerke van die skool as organisasie te beskryf; organisasiekultuur van die skool as organisasie te analiseer; die organisasieklimaat van die skool te beskryf; en strategieë daar te stel vir die ontwikkeling van die organisasiekultuur en - klimaat van die skool.

ONWB 812 ORGANISASIEVERANDERING EN -ONTWIKKELING IN ONDERWYSORGANISASIES

3 uur 1 : 1

Leerders sal in staat wees om die modelle, faktore, kragte en stappe te beskryf in die veranderingsproses; die rol van onderhandeling as bestuurstegniek in die verandering van organisasies te kan toepas; die wese, vorme, redes, tipes en die bestuur van weerstand teen verandering te analiseer; organisasieontwikkeling te kan analiseer; die gehalte van werklewe in onderwysorganisasie te kan analiseer en te beskryf; en strategieë te ontwikkel om die verandering en ontwikkeling in die gehalte van werklewe te verhoog.

ONWB 821 MENSLIKE HULPBRONBESTUUR EN ONTWIKKELING IN DIE ONDERWYS

3 uur 1 : 1

Leerders sal in staat wees om konsepte soos menslike hulpbronbestuur, mensklike hulpbronontwikkeling, personeelbestuur en ander ter saaklike begrippe te definieer; die prosesse van werwing, seleksie/keuring en aanstelling van professionele opvoeders in die onderwys te kan evalueer; die verskillende vorme van onderhoudvoering wat gebruik kan word in menslike hulpbronbestuur, en spesifiek die aanstellingsonderhoud te kan analiseer en evalueer; die inskakelingsproses van professionele opvoeders te kan analiseer; induksie as 'n fase in die mensklike hulpbronontwikkelingsproses te kan analiseer; en strategieë te ontwikkel vir 'n menslike hulpbronontwikkelingsplan.

ONWR 811 FUNDAMENTELE REGTE IN DIE ONDERWYS

3 uur 1 : 1

Leerders sal in staat wees om die toepaslike bepalings in die S.A. Grondwet vas te stel, te analiseer en aan te toon wat die invloed daarvan op S.A. onderwys is.

ONWR 812 BUITELANDSE- EN VOLKEREG IN DIE ONDERWYS

3 uur 1 : 1

Leerders sal in staat wees om die toepaslike buitelandse reg en volkeregtelike determinante ten opsigte van onderwysreg te analiseer en te kan toepas op die Suid-Afrikaanse onderwys.

ONWR 821 ARBEIDSREG IN DIE ONDERWYS

3 uur 1 : 1

Leerders sal in staat wees om die invloed van die belangrikste arbeidsregtelike bepalings en instrumente op Suid-Afrikaanse onderwys te kan aantoon en te kan analiseer.

OPLN 811 ONDERWYS, OPLEIDING EN ONTWIKKELING – 'N GLOBALE PERSPEKTIEF

3 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module moet die leerder instaat wees om die verwantskap tussen onderwys-, opleiding- en ontwikkelingspraktyke (OOO) te evalueer en te analiseer binne 'n nasionale en internasionale konteks; verwante domeine wat skakel met OOO praktyke te identifiseer en te evalueer deur vergelykings te tref met bestaande praktyke binne organisasie verband; toekomstige uitdagings vir OOO praktyke te beskryf deur te verwys na alle domeine wat hiermee skakel vanuit 'n nasionale en internasionale konteks; die onderliggende karaktereienskappe van 'n verskeidenheid tegnologieë wat gebruik kan word in die OOO omgewing ter bevordering van mense hulpbronontwikkeling te evalueer, analiseer en te klassifiseer.

OPLN 812 OPLEIDING EN ONTWIKKELING VIR IMPAK

3 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module moet die leerder instaat wees om die opleiding en ontwikkelingsfunksie te analiseer en te posisioneer binne die konteks van ‘n betrokke organisasie om impak te verseker; teorieë, konsepte en faktore wat ‘n invloed het op die impak van opleiding- en ontwikkelingsintervensies te verduidelik en te evalueer; die ekonomies-teoretiese implikasies van opleiding- en ontwikkelingsintervensies binne ‘n organisatoriese, nasionale en internasionale konteks te analiseer; wetgewing in verband met onderwys, opleiding en ontwikkeling te analiseer en te integreer by die “impak benadering”; die rol van bestuur binne ‘n organisasie te analiseer en te evalueer ter versekering van ‘n omgewing waarin impak bewerkstellig kan word.

OPLN 821 STRATEGIESE OPLEIDING EN ONTWIKKELING

3 uur 1 : 1

Na voltooiing van die module moet die leerder in staat te wees om ‘n deeglike begrip te demonstreer van die onderliggende prosesse om opleiding en ontwikkeling strategies te posisioneer; ‘n evaluasie te doen van die bestaande strategiese opleidings- en ontwikkelingsposisie van sy/haar organisasie op nasionale en internasionale vlak; die opleiding en ontwikkelingstrategieë van sy/haar organisasie te beplan binne die toekomstige makro of internasionale omgewing; die strategiese opleiding- en ontwikkelingsaksieplanne te prioritiseer om volle mense potensiaal wat onderliggend is binne die organisasie te bereik; hulpbronne te allokeer ter ondersteuning van die strategiese intervensie; die finansiële implikasies van opleiding en ontwikkeling te identifiseer en te kwantifiseer.

OPSL 811 GESONDHEIDSBEVORDERENDE SKOLE

3 uur 1 : 1

Leerders sal in staat wees om relevante kennis, vaardighede en houdings te demonstreer in die bestuur van die bevorderende, voorkomende en kuratiewe aspekte wat verband hou met gesondheidsbevorderende skole.

OPSL 812 LEERDERS MET SPESIALE BEHOEFTES

3 uur 1 : 1

Leerders sal in staat wees om relevante kennis, vaardighede en houdings te demonstreer in die bestuur van die bevorderende, voorkomende en kuratiewe aspekte wat verband hou met leerders met spesiale behoeftes.

OPSL 821 BERADING EN ONTWIKKELING

3 uur 1 : 1

Leerders sal in staat wees om relevante kennis, vaardighede en houdings te demonstreer in die bestuur van die bevorderende, voorkomende en kuratiewe aspekte wat verband hou met berading.

RWON 811 LEER IN REKENAARTOEPASSINGS EN INLIGTINGSTEGNOLOGIE

3 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder oor ‘n grondige kennis en vaardigheid te beskik ten opsigte van die beginsels onderliggend aan leer in rekenaartoepassings en inligtingstegnologievaardighede, waaronder programmering. Die leerder moet die beginsels en determinante wat nodig is vir betekenisvolle leer krities kan evalueer en toepas. Die leerder behoort op analitiese wyse die toepassing van doeltreffende leerstrategieë, die aard van take en groepwerk en die kognitiewe prosesse met betrekking tot spesifieke inhoude in Inligtingstegnologie in verband te bring met die beginsels van effektiewe leer.

RWON 812 REKENAARTOEPASSINGS EN INLIGTINGSTEGNOLOGIE: ONDERRIGBEGRONDING

3 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder oor insig te beskik ten opsigte van doeltreffende onderrigstrategieë in die onderrig van rekenaartoepassings sowel as die onderrig van inligtingstenologie waaronder programmeringsvaardighede. Die leerder behoort ook op analitiese wyse die begronding, beplanning, motivering en implementering van doeltreffende onderrig-leeraangeleenthede binne ‘n UGO omgewing in verband te bring met die beginsels van effektiewe onderrig.

RWON 821 REKENAARTOEPASSINGS EN INLIGTINGSTEGNOLOGIE: ONDERWYSTEORIE EN PRAKTYK

3 uur 1 : 1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder oor ‘n grondige kennis en vaardigheid te beskik ten einde leerprogramme te evalueer op grond van uitkomste wat gestel is. Die leerder moet die bestaande kurrikulum en voortdurende vernuwing ten opsigte van rekenaartoepassings, programmeringstale en apparatuur krities kan evalueer. Verder moet die leerder insig demonstreer ten opsigte van doeltreffende assessering van rekenaartoepassings en inligtingstegnologie. Die gebruik van die internet en ander tegnologiese hulpmiddels moet vanuit ‘n Christelike perspektief begrond en geëvalueer word.

TSEM 812 VERKEERSVEILIGHEIDSBESTUUR

3 uur 1 : 1

Leerders sal in staat wees om die vermoë te demonstreer om verskillende aspekte van bestuur, die bestuursomgewing en bestuurstyle te integreer tot ‘n koherente standpunt wat gebruik kan word vir effektiewe bestuur van verkeersaangeleenthede; ‘n eie bestuursfilosofie kan ontwikkel en met bestaande modelle kan vergelyk; om produktiwiteit te koördineer en te verhoog deur kwaliteitbesluite te neem soos verwag word in die Suid-Afrikaanse Vervoer Beleid en die Suid Afrikaanse Pad en Vervoer Wetgewing; ‘n verkeersveiligheidsbestuursplan kan skryf of ‘n verkeersveiligheidopvoedingsprogram kan ontwikkel wat gebruik kan word om verkeersveiligheidsbestuur en –opvoeding in hul provinsie te verbeter.

[

TSEM 821 FILOSOFIE VAN VERKEERSVEILIGHEIDSTEGNOLOGIE EN KOMMUNIKASIE

3 uur 1 : 1

Leerders sal in staat wees om die dinamiese rol van verkeersveiligheidopvoeding ten opsigte van die voorkoming van lewensverlies op die pad na te vors en daaroor verslag te lewer; 'n objektiewe opinie oor die rol van die verskillende sosiale strukture (bv. die gesin, skool, staat en kerk) wat die vorming van houdings en voorbereidings, vaardighede en gedrag kan vorm wat gebruik kan word in veilige deelname in verkeerssituasies; ondersoeke kan loods en aanbevelings kan maak rakende die effek van geselekteerde faktore (bv. alkoholmisbruik en fisiese gestremdhede) op verkeersveiligheid; die filosofie en die wetgewing rakende die gebruik van tegnologie in die verkeerssituasie krities kan evalueer en toepas op die verskillende verkeerstegnologieë wat tans gebruik word in die verkeersomgewing vir kommunikasie, wetstoepassing en moniteringsdoeleindes; 'n duidelike beeld kan vorm van die rol en impak van verkeerstegnologie op die pad- of verkeersomgewing, verkeersveiligheid en vervoer; die verband wat bestaan tussen wetenskap, tegnologie en verkeersveiligheid toe te pas om sodoende oplossings te vind vir die kommunikasie uitdagings in die verkeersarena.

VGLO 811 ONDERWYSSTELSELBEPLANNING IN DIE PRAKTYK

3 uur 1 : 1

Leerders sal in staat wees om kritieke determinante wat 'n invloed het op die onderwysstelsel in hul eie distrik/provinsie te analiseer; riglyne te verskaf om probleme op te los rakende onderwysstelselbeplanning in hul eie distrik/provinsie; probleme in onderwysstelselbeplanning krities te evalueer; en aksienavorsing te doen op 'n terrein van die onderwysstelsel wat verband hou met hul onmiddellike omgewing.

VGLO 821 VRAAGSTUKKE IN ONDERWYSSTELSELS

3 uur 1 : 1

Leerders sal in staat wees om 'n indiepte kennis van die onderliggende teorie van die onderwysstelsel as fenomeen te demonstreer; huidige kenmerke eie aan die onderwysstelsel te identifiseer; en aktuele vraagstukke in onderwysstelsels te analiseer en te evalueer.

WISO 811 WISKUNDE-ONDERWYS: 'N OORSIG IN PERSPEKTIEF

3 uur 1 : 1

Leerders sal gevorderde refleksiewe bevoegdheid, komprehensiewe kennis, in-diepte begrip en hoëvlak vaardighede, ingesteldhede en waardes demonstreer ten opsigte van 'n verskeidenheid perspektiewe op en in die wiskundeveld; die beginsels, ingesteldhede en waardes wat die velde van wiskunde, skoolwiskunde en wiskunde-onderwys kenmerk; die historiese ontwikkeling van wiskunde, skoolwiskunde en wiskunde-onderwys as menslike handelinge en velde van ondersoek.

WISO 812 ONDERRIG-LEER IN WISKUNDE

3 uur 1 : 1

Leerders sal in staat wees om gevorderde terugkaatsende en nadenkende bevoegdheid in die toepassing van verworwe kennis, vaardighede en waardes te demonsteer ten einde kriteria en programme vir doeltreffende leer en onderrig van, en relevante kurrikulering vir wiskunde te ontwikkel; bestaande en nuwe leer-, onderrig- en kurrikulumparadigmas en -benaderings ten opsigte van wiskunde te evalueer ten einde doeltreffende leer en onderrig van, en relevante kurrikulering vir wiskunde te bevorder.

WISO 821 WISKUNDE-ONDERWYS EN NAVORSING

3 uur 1 : 1

Leerders sal in staat wees om toepaslike navorsingsprojekte wat op die ondersoek van relevante en wesenlike probleme op die terrein van wiskunde-onderwys (d.i. strategiese leer, doeltreffende onderrig en/of relevante kurrikulering) gerig is, krities te ontleed.